

# LAERSKOOI PIERNEEF

Pierneefstraat 940, Villieria, 0186 • Posbus 26042, Gezina, 0031 • ☎ (012) 329-2369 • 📠 (012) 329-2383



Geagte ouer,


## INLEIDING

By Laerskool Pierneef aanvaar ons elkeen soos ons is, met individuele swakhede, sterk punte en unieke, Godgegewe persoonlikhede. Hier is die skool waar ons saam *speel, lag en leer*.

Onderwysers besiel leerders met 'n passie vir dinge en entoesiasme deur by wonders van die heelal op so 'n manier met die leerders te deel dat dit 'n begeerte na meer kennis prikkel. Hul entoesiastiese gesindheid inspireer leerders om 'n liefde vir leer te kweek, om die wêreld rondom hulle te ontdek en om bowe al die waarheid na te streef.

*"Die grootste onderwysers is nie hulle wat ons die meeste feite en tegnieke kan leer nie, maar hulle wie se teenwoordigheid van ons ander mense maak."*

- Ralph Waldo Emerson



*Wat doen ek? .... Ek raak die onderwys aan..... EK GEE ONDERWYS."*

- Christa McAuliffe

## ALGEMENE KLEREDRAG

Leerders se algemene netheid is die beeld van ons skool. Skooldrag kan by Juveniles, Totiusdal Handelshuis of Select Outfitters aangekoop word. Die skool beskik ook oor 'n klerebank, wat bruikbare tweedehandse klere verkoop. Nuwe sweetpakke, sykouse, KDA-hemde en dasse word ook te koop aangebied.

Seuns: Gryns Hemp en Gryns Broek, gryns kouse, swart skoene (skoene dra in die somer is nie verpligtend nie!)

Dogters: Wit hempie, Koningsblou skoolrok, wit kouse, swart skoene (skoene dra in die somer is nie verpligtend nie!)

KDA Drag: Blou golfhempie en blou kortbroek (Dit word gedra 2 keer 'n week vir KDA periode)

Wintersdrag: Skoolsweetpak/ gryns Langbroek, Skool Drymac, (koningsblou)

## LEERDER BENODIGHEDE

Aangesien leerders aan spesifieke onderrigmetodes onderwerp is, is dit noodsaaklik dat die toerusting waarmee hulle werk aan bepaalde standaarde sal voldoen. Om die aankope daarvan te vergemaklik beskik die skool oor 'n massa aankoopfasiliteit waardeur volledige pakkette aangekoop kan word. Ouers wat van die aanbod gebruik wil maak kan gerus vanaf die 4de kwartaal in 2021 met die skool skakel voordat enige aankope gedoen word. (skryfbehoeftes-pakkette is slegs vir Gr. RR tot Gr.4 beskikbaar). Navrae en bestellings kan aan Me. M. Schutte gerig word of per e-pos: [finansies@laerskoolpierneef.co.za](mailto:finansies@laerskoolpierneef.co.za)

## NASKOOLSENTRUM

Die skool beskik oor 'n volledige naskoolsentrum. Vorms en meer inligting is beskikbaar by me. H von Wielligh in die kantoor of u kan me. Marie de Beer - Sentrumhoof kontak by 082719836948. Studietye is van 14:00 - 15:00 en word behartig deur Onderwysers vir elke graad. Daarna beweeg hulle af Naskoolsentrum toe tot 17:30

## BUITEMUURSE AKTIWITEITE

### Skoolaktiwiteite

Altetiek	Mini-Krieket	Bulletjie Rugby Rugby	Redenaars
Skaak	Kore (jnr & snr)	Landloop	Mini-Netbal
Sagtebal	Tennis	Netbal	Krieket Kunswedstryd

### Privaat klasse - (ADDISIONEEL)

Playball	Pottebakkerklasse	Tennisafrigting	Skaakafrigting	
Musieklesse	Kitaarlesse	Balletklasse	Arbeidsterapie	Dramaklasse
Experi-lab.	Semasklasse	Speltherapie	Spraaktherapie	Rekenaarklasse
Rugbyafrigting				

### Jaarlikse Program

Revue (elke 3de jaar)	Kermis	Kaskar	Instappies
Golfdag	Entrepreneursdag	Kreatiwiteitsdag	Waterkaskenades
Koorkamp	Prefekte kamp	Veldskool	Uitstappies
Uitreikaksies	Pretloop		

## Program vir die eerste skooldag

**Dinsdag 11 Januarie 2022** (Dag voordat die skool begin - Slegs van toepassing op Gr RR, R en Gr 1's)

Alle leerders van gr. RR, R en 1 moet Dinsdagaand 11 Januarie 2022 om 18:00 by die skool wees (Gr.1 - geklee in skooldrag) saam met hul ouers in die skoolsaal, om hul onderwyseresse te ontmoet en in hulle klasse ingedeel te word. **BAIE BELANGRIKE INLIGTING** word op die aand aan die ouers deurgegee.

**Woensdag 12 Januarie 2022** (Dag waarop die skool begin)

Die skool open om 07:25. Leerders gaan reguit na hul nuwe klasse toe, waarby hul onderwyseresse hul sal inwag. Nuwe leerders meld aan by Ontvangs.

Ons sien uit daarna om u en u gesin by ons te verwelkom, en 'n nuwe laerskool-pad saam met u te stap. Vir enige verdere navrae kan u me. von Wielligh kontak of epos na [ontvangs@laerskoolpierneef.co.za](mailto:ontvangs@laerskoolpierneef.co.za) of vir Me. M Booyen oor finansies by [admin@laerskoolpierneef.co.za](mailto:admin@laerskoolpierneef.co.za).  
Pierie-groete

.....  
Mnr. H.F. Greyling - Hoof en Personeel

